

Sondag 27 September

Skrifgedeelte: Openbaring 6

Fokusgedeelte: Openbaring 6:1, 2

Die Lam het klaar oorwin

Die Here het opgestaan! Ja, Hy het waarlik opgestaan! Johannes sien Hom lewend in sy almag waar Hy die boek van God se Raadsplan uit sy hand ontvang en die geskiedenis volgens hierdie Raadsplan ontplooi. Seël na seël word die Boek oopgemaak en verwerklik.

Die eerste vier seëls vorm 'n groep wat saamhang. Hulle openbaar wat alles op die aarde aan die gang was in die verkondiging van die evangelie. Hulle word oopgemaak en ons sien vier perde se hoefslae wat begin dreun oor die aarde. Die kleur van elke perd en die werk van sy ruiter kondig 'n ander faset van die eindgeskiedenis aan.

Met elke perd wat in sy vaart wegspring om deur die tyd te hardloop, openbaar die Here sy triomf oor die magte van die hel soos wat hulle gevestig geraak het in die wêreld en sy geskiedenis. Die Here doen dit deur oorwinning en oorloë en rampe wat deur verskillende kleure perde voorgestel word.

Om die verskyning en betekenis van die verskillende perderuiters te verstaan, moet ons ook die gesigte van Sagaria hiermee saam verklaar - want dis dieselfde openbaring van dieselfde God (Sag. 1:8-17; 6:1-8)!

Daar is egter 'n verskil tussen die gesigte wat Sagaria van die perde sien, en dit wat die Here hier aan Johannes openbaar. Sagaria profeteer eers oor die stryd wat plaasvind, waarop die oorwinning behaal word - want die Here Jesus moes toe nog kom! Openbaring wys eers op die oorwinning en dan oor die stryd wat volg - want die Here Jesus het klaar die oorwinning behaal!

Sing: Skrifberyming 7-2:2

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)